



Wil jou kinders aan sport deelneem?

Die Kidsport-program bied hulp van maksimum \$150 per kind per jaar vir geregtigde kinders, om klubfooie te help betaal sodat kinders by 'n sportsklub kan aansluit en begin pretmaak.


Sport is belangrik vir kinders se ontwikkeling; dit kan help om hul selfvertroue te verbeter en bied 'n gesonde metode om hulle liggaamlike aktiwiteit met hul vriende te geniet.

Die Departement van Plaaslike Owerhede, Sport en Kulturele Nywerhede moedig kinders aan om by gemeenskapsport betrokke te raak, nie slegs vir die liggaamlike voordele nie, maar ook vir die positiewe uitwerking op hul geestelike and emosionele welsyn.

Wie kan aansoek doen?

Alle kinders in Wes-Australië wat 5 tot 18 jaar oud is en wie se name op 'n geldige Gesondheidsorgkaart of Pensioenkoncessiekaart verskyn (kyk monsters onder). Dis maklik. Kyk:

www.dlgsc.wa.gov.au/kidsport



Vir 'n lys klubs waar jou kind hul koepon kan gebruik, kyk ons webwerf by

<https://kidsport.dlgsc.wa.gov.au/find-a-club>



As jy hulp benodig om vir hierdie finansiële bystand aansoek te doen, stuur gerus 'n e-pos aan die Kidsport-span by kidsport@dlgsc.wa.gov.au of bel +61 8 9492 9911. Jou plaaslike owerheid, skool, klub of kontak in jou plaaslike gemeenskap kan dalk ook met jou aansoek help.